

	<h2>Geloftevolk Koördineringskomitee</h2>	
Posbus 17305 Bainsvlei 9338		Telefoon: 082 455 4303 Vonkpos: vrkomitee@gmail.com Faks: 086 619 2695

<https://www.volksvergadering.co.za/>

VOLKSVERGADERING UITNODIGING

Ons is wêreldwyd bekend as die Boerevolk, Afrikanervolk. Ons is gebonde aan God Almagtig weens die Heilige Skrifte. Ons is van die begin af Geloftevolk! Ons word gekenmerk deur ons geloof, ons geskiedenis en ons geloftes sedert volksplanting: Van Riebeeck [1654], Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].

Kennis geskied hiermee van die 11^{de} Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika, D.V. 14-15 September 2019 te Majuba.

Volksgenote word hiermee opgeroep om deel te word van die vrywordingsproses van die Geloftevolk, wat ingevolge die besluite van die Vegkop Volksvergadering van September 2009, geskoei moet wees op die nakoming van ons volksgeloftes.

Tema: Soewereiniteit binne Gelofteverband.

Tien jaar gelede het die Geloftevolk te Vegkop Geloftefeesterrein vergader en sekere besluite m.b.t. vrywording geneem, welke uitnodiging [Bylaag 1] en besluite [Bylaag 2] onderaan hierdie skrywe bygevoeg is vir herinnering en kennisname.

Die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK], wat destyds deur die volksvergadering aangestel en getaak is, is die legitieme liggaam wat die volk se vrywordingsproses moet behartig en moet die besluite, wat opdragte is, ten uitvoere bring. Na tien jaar het die GKK die punt bereik waardeur hierdie volk ingelig word op welke wyse ons **'n Soewereine volk binne gelofteverband kan word**. Dit was die Tema van 10 jaar gelede en is ook die Tema vir die komende vergadering.

Vegkop en Majuba as vergaderplekke bly egter steeds betekenisvol in ons stryd, in die sin dat Vegkop die slagveld verteenwoordig waar die Voortrekkers hulleself vir die eerste keer in 'n wa-laer verdedig het teen die aanslag van die inboorlinge en Majuba die beslissende slagveld van die Eerste Vryheidsoorlog verteenwoordig waar die Burgers van die ZAR en OVS hulself suksesvol verdedig het teen die koloniale aanslag deur Brittanje sedert die 1877 Anneksasie.

By Vegkop het die mag van ongeveer 6000 krygers van Mzilikaats, net voor hul aanval ongeveer 80 van die Voortrekkers se beste rou verorber ten aanskoue van die ongeveer 30 mans en hulle vroue en kinders in die laer. Dié veldslag is weens hul geloof in God Almagtig in hul guns beslis, so ook die Eerste Vryheidsoorlog, wat op 16 Des. 1880 in Potchefstroom begin het terwyl die meeste van die Burgers nog by Paardekraal was waar hulle die Gelofte van Bloedrivier herdenk het en waar hulle drie dae tevore die Paardekraal Gelofte afglê het. Daarna het hulle na Heidelberg vertrek waar hulle hul hoofkwartier gevestig het. Vir meer oor die geloftes besoek <https://www.volksvergadering.co.za/geloftes.php>

Die vernaamste besluite tydens die 2009 Vegkop volksvergadering was dat die Geloftevolk se vrywordingsproses geskoei moet word op die grondslag van die Volksgeloftes; dat die toekomstige staatsmodel Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees; dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsbestel vereis; en dat 'n komitee die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel moet ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging. Hierdie opdragte is die afgelope 10 jaar indringend nagevors en aan die opeenvolgende volksvergaderings voorgelê en goedgekeur. Sien die Teokrasie verslag by: https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2015042162351_item_Verslag-van-die-Teokrasie-komitee---Finaal.pdf

Intussen het die regering besluit om art.25 van die grondwet te wysig ter onteiening van ons eiendom sonder vergoeding. Die publiek is statutêr uitgenooi om hul ondersteuning of teenkanting te kenne te gee en het die GKK 'n skrywe ingedien waarin ons as Geloftevolk ons teenkanting te kenne gee asook ons strewe na Soewereiniteit binne Gelofteverband.

https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2018071874042_item_2018-Insake-Grondwetwysiging-Artikel-25-Parlement--webwerf-weergawe.pdf

Aansluitend hierby het die Assosiasie en Koalisie vir die Herstel van die Boererepublieke [AKHBR] tot stand gekom en 'n saak in die Kaapse Hooggeregshof aanhangig gemaak teen die beoogde wysiging van art. 25 – sien www.BoereRepublieke.org en <https://www.boererepublieke.org/dokumente.php>

Weens die opdrag dat ons toekomstige staatsmodel Teokraties van aard moet wees het die GKK tydens 'n komitee vergadering te Majuba besluit om in aanloop tot ons vrywording, 'n Teokratiese komitee te word. Dit het tot gevolg dat alle besluite op Bybelse manier en wel by wyse van lotsbeslissing geneem word, waarvan hierdie program se Tema, Vergaderplek, Referate en Sprekers, getuig. Sien die Lotkroniek vir meer oor ons volk se gebruik van die Lot:

https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2014111581230_item_2014-04-07-Die-Lot-Kroniek-9.2.pdf

U sal ook oplet dat die referate op Skrifgedeeltes dui wat aansluit by ons vrywordingsproses. Skrifverwysings is uit die 1933/53 Afrikaanse Bybel.

Die volgende sake sal D.V. aan die orde wees:

Sakelys:

14 September 2019

- 08h00 – 08h20 Opening
- 08h20 – 08h40 Verwelkoming en ordereelings¹
- 08h40 – 09h15 **Soewereiniteit** binne Geloofteverband – Flip Swanepoel.
- 09h15 – 09h45 Bespreking
- 09h45 – 10h15 Pouse
- 10h15 – 10h45 **Num.23:9** Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. **Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon** en hom nie tot die nasies reken nie. – Pieter v Heerden
- 10h45 – 11h15 Bespreking
- 11h15 – 11h45 **1Kron.29:11** Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlijkheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, HERE, kom toe die koningskap en die selfverhoging **as Hoof oor alles**. – Johan Erasmus
- 11h45 – 12h15 Bespreking
- 12h15 – 13h30 Ete – Selfvoorsienend
- 13h30 – 14h00 **Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk**, [Neh.2:20] – Dr. Ronnie vd Merwe
- 14h00 – 14h30 Bespreking
- 14h30 – 15h00 **Jer.3:14** Keer terug, o afkerige kinders, spreek die HERE, want Ek is heer oor julle; en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring. **:15** En Ek sal aan julle gee herders na my hart, wat julle sal oppas met kennis en verstand. – Pieter Kruger
- 15h00 – 15h30 Bespreking
- 15h30 – 16h00 Pouse
- 16h00 – 16h30 **Miga 2:13** Die deurbreker sal optrek voor hulle uit: hulle sal deurbreek en deur die poort intrek en daardeur uittrek; en hulle koning sal voor hulle uit gaan, en die HERE heeltemal vooraan. – Paul Kluge
- 16h30 – 17h00 Bespreking
- 17h00 Dag Afsluiting
- 17h30 Gesellig saam verkeer rondom die braaivleisvuur.

15 September

- 08h00 – 09h00 Verootmoedigingsdiens – Adv. Lourens Joubert
- 09h00 – 09h30 **Ps.50:14** Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; – Nicolaas Buys
- 09h30 – 10h00 Bespreking
- 10h00 – 10h30 Pouse
- 10h30 – 11h00 **Ps.80:19** ... hou ons in die lewe, dan sal ons u Naam aanroep. – Carel Lehmann
- 11h00 – 11h30 Bespreking
- 11h30 – 12h30 Oorsig oor die handeling van die Volksvergadering en besluite.
- 12h30 Volksvergadering verdaag
- 14h30 GKK vergadering.

¹ Vir Ordereelings sien bylaag 3

Ps.144:9-15

Ps. 144:9 o God, ek wil 'n nuwe lied sing tot u eer, op die tiensnarige harp wil ek U psalmsing. :10 U wat aan konings die oorwinning gee, wat u kneg Dawid ontruk aan die gevaarlike swaard. :11 Ruk my uit en red my uit die hand van vreemdes, wie se mond leuens spreek en wie se regterhand 'n regterhand van bedrog is; :12 sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis; :13 dat ons skure vol mag wees, wat allerhande soorte voorraad oplewer; ons kleinvee by duisende mag aanteel, by tien duisende vermeerder word op ons velde; :14 ons beeste gelaai mag wees; geen bres in ons mure en geen uittog daaruit, en geen geskreeu op ons pleine nie. :15 Welgeluksalig is die volk met wie dit so gaan; **welgeluksalig is die volk wie se God die HERE [JHWH] is!**

Bylaag 1:

Volkvergadering

Kennis geskied hiermee van 'n Volkvergadering van die Gelooftevolk van Suid-Afrika

Tema: Soewereiniteit binne Geloofteverband

Tyd: D.V. 24-27 September 2009

Plek: Vegkop Gelooftefeesterrein (Tussen Heilbron en Lindley)

Geagte Volksgenote

Toe Moses na Farao gestuur is, was die opdrag as volg: **“Laat My volk trek, dat hulle My kan dien...”** – (Ex.7:16). Hieruit is dit duidelik dat die volk nie hul Vader kon dien onder 'n volksvreemde bewind nie. Huidiglik verkeer die Gelooftevolk onder soortgelyke omstandighede.

Soos wat Israel van ouds uit die Egiptiese slawerny weggetrek het, het die Voortrekkers onder die Brits-filantropiese landsbestuur weggetrek. Hierdie trek het uiteindelik gelei tot die verbondsluiting by Bloedrivier.

Benewens die feit dat ons as volk d.m.v heilige geloftes aan ons Skepper gebind is, het ons 'n verpligting om die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe te laat bly, wat tans nie moontlik is nie. Die huidige toedrag van sake druis lynreg in teen ons geloofsopdrag om nie saam met anders-gelowiges in dieselfde juk te trek nie - (2Kor.6:14-18). Met dit in gedagte is ons verplig om 'n volkshuishouding te stig waarin alle eer op alle lewensterreine aan ons Skepper gegee sal word.

Hierdie toedrag van sake noop dat ons, as Gelooftevolk, bymekaar sal kom om ons verpligtinge teenoor ons Hemelse Vader, onself en ons nageslag na te kom. Hiervoor is 'n gesamentlike strategie nodig.

U word hiermee opgeroep tot gesprek rakende ons soewereiniteit en die pad daarheen. Die volksgeloftes as fondament van soewereine volksbestaan moet opnuut in oënskou geneem word. Laat ons soos ons voorouers, ons opnuut verbind aan die Wil van ons Hemelse Vader om vir Hom 'n diensvolk te wees.

Hierdie is 'n landswye kennisgewing!

Die Vergadering: Elke volksgenoot is welkom om die vergadering toe te spreek. U moet voor 1 September 2009 met die komitee in verbinding tree ten einde u spreukbeurt te registreer. Na gelang van die aantal aansoeke sal die komitee u in kennis stel van die tydsduur van u spreekbeurt. Besprekingspunte sal afgesluit word met die formulering van 'n volksbesluit waar nodig.

Verblyf: Karavaan- en tentstaanplekke is gratis beskikbaar op die terrein. Ons beveel kampering sterk aan, veral om mekaar beter te leer ken. Vir alternatiewe akkommodasie in die omgewing kan u ons kontak by onderstaande adresse:

Kontak Besonderhede:

Posadres: Die Volksvergadering Reëlingskomitee,
Posbus 85, Fraserburg, 6960 of Posbus 122, Groot Marico, 2850

E-pos: vrkomitee@gmail.com of vvr@xsinet.co.za

Faks: 086 619 2695

Facebook: www.facebook.com

Facebook groep: Volksvergadering: Soewereiniteit Binne Gelofteverband

Webwerf: www.volksvergadering.co.za

Telefoon nommers:

Flip: 082 455 4303 of 014252 vra 3731

Phillip: 083 334 1547

Ronnie: 073 557 3337 of 02072 vra 2221

Frikkie: 022 913 2391

Terugvoering: Met die oog op die tref van die nodige voorbereidings, vra ons dat u asb. 'n vooraf aanduiding sal gee van die aantal persone (volwassenes en kinders) wat beoog om die vergadering by te woon. Alle volksgenote is welkom.

Betrokkenheid: U hulp word dringend benodig, daarin dat u eerstens hierdie oproep sal eerbiedig en dit sal opdra aan al u kennisse binne Volksverband.

Indien u u weg oopsien om betrokke te raak by die verdere bekendstelling en/of finansiering van hierdie kennisgewing, in welke media ookal, is u meer as welkom om met die organiseerders by voorgemelde adresse in verbinding te tree. Ons maak staat op die samewerking van volksgenote op elke plaas, en in elke dorp en stad regoor die land. U betrokkenheid is tot beswil van u en u volk.

Soet is die stryd van die stryder,
selfs al moet hy verloor.
Maar hy wat opsy staan en sy aandeel weier,
dit is die man wat sy volk vermoor.
ID du Plessis

Bylaag 2

VOLKSVERKLARING

Die Geloftevolke Koördineringskomitee reik hiermee die volgende verklaring uit met betrekking tot besluite wat tydens die Volksvergadering van die Geloftevolke van Suid Afrika geneem is te Vegkop Geloftefeesterrein, 25 - 27 September 2009:

Die Volksvergadering verklaar as volg:

Besluite:

1. Die Geloftevolke se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
2. Dit noodsaaklik is dat alle huidige middele wat tans aangewend kan word om die Geloftevolke in stand te hou, op alle lewensterreine benut moet word.
3. Dit noodsaaklik is dat die Geloftevolke 'n soewerein-vrye volke moet word.
4. Dat die grondslag waarop die toekomstige vryheid van die Volke gebou word, regverdigbaar is.
5. Die vrywording van die Geloftevolke binne bereik is.
6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolke, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
7. Dat die oproep en ordening van die vergadering aan die byeenkoms legitimiteit verleen as 'n Volksvergadering.
8. Dat 'n volksdatabasis dringend tot stand gebring moet word, sodat die Geloftevolke doeltreffend kan kommunikeer - as 'n eerste stap op pad na vryheid.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volke voor te lê vir oorweging.
10. Die vergadering besluit dat die instelling van 'n Reddingsdaadfonds deur die voortsettingskomitee ondersoek sal word.
11. Die vergadering gee opdrag dat die komitee aandag sal skenk aan volksverootmoediging.
12. Die vergadering gee opdrag dat die Volke ingelig sal word oor die besluite van die Volksvergadering.
13. Die vergadering stel 'n voortsettingskomitee saam om uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is. Die voortsettingskomitee sal as die Geloftevolke Koördineringskomitee bekend staan, en kry opdrag om die volgende Volksvergadering byeen te roep, so gou as wat prakties moontlik is.
14. Na aanleiding van 'n uitspraak wat vanuit die gehoor gemaak is, het die vergadering hul eenparig gedistansieër van die gebruik van gewapende geweld in die vrywordingsproses.
15. Die komitees sal te alle tye 'n oop-deur-beleid handhaaf, sodat Volksgenote deurlopend insette kan lewer.
16. Die vergadering gee goedkeuring daaraan dat Geloftefeese-komitees of komitees wat volksbyeenskomste reël, voortdurend inligting kan aanvra vanaf die koördineringskomitee om aan hulle vergaderings bekend te maak.
17. Die vergadering erken deurgaans die Geloftevolke se volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader en eer Hom vir die ordelike verloop van die volksvergadering.

Bylaag 3:

Ordereëlins van die Volksvergaderings van die Geloftesvolk van Suid-Afrika

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftesvolk wat as volg bely en gedefinieer is:
 - 1.1. Opsomming van wet:
Mat. 22:35-40 [1933/53 Afrikaanse Vertaling.]
:35 En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê: :36 Meester, wat is die groot gebod in die wet? :37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. :38 Dit is die eerste en groot gebod. :39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. :40 Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete.
 - 1.2. Bely dat JHHWSA die Messias [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JHWH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].
 - 1.3. Die Geloftesvolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en daaraan gekenmerk word deur ons geskiedenis, asook deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftesvolk. Alhoewel ons ook as Boerevolk en Afrikanervolk bekend staan vind ons grootste en vernaamste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas! [sien ook konsep Burgerskap wet]
2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.
3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die uitnodiging vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.
4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.
5. Geen persone of instansies mag verkleineer of bevorder word nie.
6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertrou is.
7. Die vergaderings distansieer hul van enige gewelddoptrede teen die huidige bestel, wat 'n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende toesprake of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.
8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftesvolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernaamlik:
 - 8.1. Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.

- 8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftesvolk in stand te hou.
- 8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftesvolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
- 8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.
- 8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:
- 8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet, par.77.2 en verder.
- Spreuke 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE [JHWH].
- 8.5.2. Die vergadertye van die Geloftesvolk, in ooreenstemming met:
- Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE [JHWH] jou God [E] verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE [JHWH] verskyn nie;
9. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf nasionaal geskied by wyse van hetsy, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, facebook, WhatsApp en persoonlike uitnodigings.